MEDIAVERKLARING ***VIR ONMIDDELLIKE VRYSTELLING***

VTM-GEDENKTUIN BREI UIT

Pretoria, 21 Mei 2012. Verkope van nisse van Fase 3 van die Gedenktuin by die Voortrekkermonument sal op 25 Mei begin wanneer hierdie gedeelte van die gedenktuin amptelik in gebruik geneem sal word.

Nisse in Fase 2 van die VTM Gedenktuin het so vinnig uitverkoop, dat Fase 3 vroeër as wat beplan was, aangebou moes word. Die nuwe gedeelte van Fase 3 sal teen einde Mei voltooi wees. Die nisse by die VTM gedenktuin maak voorsiening vir die oorskot van twee persone. Die tuin is stil, geleë in ’n pragtige omgewing en veilig. Die bewaringstydperk van oorskot in die nisse is onbeperk m.a.w. die oorskot word nie na ’n tydperk van dertig jaar verwyder nie.

Die nuwe nisse in Fase 3 van die Voortrekkermonument Gedenktuin sal verkoop word teen die aangepaste prys van R4 600,00 elk (BTW ingesluit), en 1,086 nisse is beskikbaar. ’n Addisionele bedrag van R150 word betaal vir gravering wat op die graniet dekstene aangebring word. Daar is nou reeds 2 897 nisse in the VTM gedenktuin.

Skakel mev. Lidia Hendriks (082 564 4840) vir enige navrae. Die pryse van Fase 1 en 2 se Gedenktuin sal nie opwaarts aangepas word nie en hulle bly beskikbaar teen en R4 000 per nis (BTW ingesluit).

UITGEREIK DEUR:
SONJA LOMBARD
BESTURENDE DIREKTEUR
VOORTREKKERMONUMENT
Tel: 012 326 6770
Faks: 012 326 8374
E-pos: sonja@voortrekkermon.org.za